B U I T E L A N D.

1. BOU VAN PASTORIË:

Aan Uitvoerende Kommissie word opgedra om as daar geld beskikbaar is dit aan te wend vir die bou van Pastorië op stasies.

2. MNR. A. MILES:

Die vergadering wil Mnr. A. Miles hartlik gelukwens met sy kiesing as waarnemende Voorsitter van die Raad.

3. MNR. SMITH, BOUHEER:

'n Skrywe sal aan die Sending Kantoor, Kaapstad gerig word van dank vir die gewaardeerde dienste insake Bouaangeleënthede in die Sendingveld van Mnr. Smith.

4. NYANJE HOSPITAAL:

Kennis word geneem van die vordering i.v.m. hierdie hospitaal se bou envan die bedrag deur die Regering geskenk.

5. NORMAALSKOOL, KATETE:

Goedgekeur.

6. SENDING PASTORIË, GWELO:

Die vergadering keur goed die verkoop van die Sending Pastorie van Eerw. S.H.F. Pienaar vir die som van £1,825.

7. WITKOPPLAAS, VERHUUR:

Dit word besluit dat die sink van die geboue verwyder en elders gebruik word en dat die plaas verhuur word aan 'n kleurling soos aan die hand gedoen.

8. TEOLOGIESE SKOOL, MADZIMOYO:

Die vergadering keur die gedagte van Eerw. J.M. Cronje goed dat die Teologieseskool by 'n later geleëntheid na Kadiwa sal verskuiwe word en besluit dat 'n fonds noual opgerig word met die oog op die oprig van die nodige geboue aldaar in die toekoms. Aan die Uitvoerende Kommissie word opgedra om handelend op te tree.

9. EVANGELIS KALEB, RUSAPI:

Met dank word kennisgeneem dat die gemeente Rusapi die salaris van hierdie evangelis nou betaal het.

10. NOTULE OOSTELIKE RAADS KOMMISSIE:

(a) Toelae dames werksters, Kamoto No.12.

Die Kommissie wys daarop dat die stasietoelaag nie geskenk word met die oog op gemelde toestande nie en dus kan nie aan die versoek voldoen word nie.

11. BEHOEFTES AAN WERKSTERS, No.15.

Die Sekretaris deel mee dat hy voortdurend probeer om die nodige werksters te verkry, maar ongelukkig nie daarin kon slaag om al die werksters te vind nie. Hy sal egter sy aandag aan hierdie saak bly skenk.

8/.....

12. MALHERBE STASIE, No.25:

Daar word besluit dat 'n poging aangewend sal word om 'n geskikte plek te kry tussen Lusaka en Hofmeyr met die doel om aldaar 'n nuwe stasie met die naam Malherbe op te rig aangesien die werk by die ou stasie Malherbe nie doeltreffend vanaf gemelde stasies kon behartig word nie. Die Raad word versoek om ondersoek in te stel na die moontlikheid van so 'n geskikte plek en stasie en te rapporteer.

13. HERSTEL VAKANSIEHUIS BY MEER, No.29:

Die S.A.S.K. het kennis geneem dat die A.R.K. besluit het om eers 'n deel van die rushuis te herstel.

14. VERSLAG BOUDEPARTEMENT, No.42.

Hierdie versoek om die gebou en hout te verseker word toegestaan.

15. DUUR KAPPE, No.44:

Die S.A.S.K. het met dankbaarheid kennisgeneem dat die O.R.K. 'n wakende oog hou ook oor die finansiële belange van die Sending, soos blyk uit P.44.

16. SAAMTREK EVANGELISASIE:

Wat betref reiskoste insake Evangelisasie saamtrekke sal gehelp word tot 'n bedrag van £20.

17. SKOOLGEBOU DOWES:

Nadat verneem is dat daar geen ekstra onkoste vir die S.A.S.K. sal wees i.v.m. die oprig van hierdie geboue, word toegestem dat hulle opgerig kan word. Kennis word met hoë waardering geneem van die ywer van Mej. E. Botes i.v.m. hierdie werksaamhede.

18. GETROUDE DAMES IN VOLTYDSE SENDING DIENS:

Hierdie saak word opgedra aan die Algemene Raad vir bespreking en aanbevelings aan die eersvolgende S.A.S.K. vergadering.

19. KERKGEBOUE, NYANJE, TAMANDA EN MERVE:

Aan die versoek dat die betrokke Br. Sendeling aan die gemeentes sal kan skrywe om ondersteuning vir herstelwerk kan nie voldoen word nie.

20. MADZIMOYO - TEKORT HERSTELWERK:

Hierdie bedrag mag uitbetaal word waar daar blykbaar hier 'n misverstand is. Die Kommissie egter herhaal sy beleid dat daar binne die perke van die begroting gewerk moet word.

21. PENSIOEN ONDERWYSERS:

Die Sekretaris sal eers inligting inwin omtrent betaling aan weduwees van pensioenarisse en die saak sal verder voor die U.K. dien.

22. STUDEERKAMER, TAMANDA:

Die versoek dat 'n studeerkamer aangebou sal word vir £112 word nie toegestaan nie.

9/.....

23. WATERVOORSIENING, TAMANDA:

Die aansoek van £60 vir hierdie doel word nie toegestaan nie.

24. ONKOSTE WERWE:

Hierdie saak word aan Uitvoerende Kommissie opgedra om alle informasie in te win.

25. BEGROTING:

Begroting word gelees, behandel en goedgekeur.

26. BRIEF INSAKE VERVOERKOSTE:

Hierdie saak word verwys na Uitvoerende Kommissie met volmag van handeling.

27. EKSTRA PRORATA SUID-RHODESIESE GEMEENTES:

Kennis word geneem van hierdie nuwe indeling en dat alleen enkele gemeentes daaraan voldoen het. Kennis sal gegee word aan die Ringskriebe en die verteenwoordiger van die Ring op die S.A.S.K. met die informasie dat hierdie proratas deur die Sinodale Kommissie goedgekeur is sodat gemeentes aan hierdie nuwe indeling moet voldoen.

28. VOLGENDE VERGADERING S.A.S.K. 28 JUNIE 1955.

Die Raadsitting in die veld sal hierdie jaar nie bygewoon word nie deur 'n afgevaardigde of die sekretaris nie. Aangesien die S.A.S.K. vergadering vervroeg word na 28 Junie word die Raad gevra om in dien doenlik aan einde Mei of begin Junie sy sitting te hou.

29. SINODE SITTING 1955.

Met die oog op die sitting van die Sinode aanstaande jaar sal die vergadering van S.A.S.K. vroeg in Februarie moet plaasvind en indien nodig sal 'n spesiale vergadering in November gehou word.

30. RINGE, WINBURG EN KROONSTAD:

Hierdie twee Ringe moet kennis ontvang dat Sekundi lede gekies moet word.

31. EERW. R.A. VENTER:

Aan hierdie Br. sal kennis gegee word dat hy nie verder gemeentes moet besoek sonder dat hy eers in aanraking kom met die Sending Kantoor en verder word die saak gelaat in die hande van die Sendingsekretaris.

Die Predikant van Frankfort sluit die vergadering met gebed nadat die Sekretaris 'n woord van waardering uitgespreek vir die vergunning om 'n reis oorsee te onderneem.

.....
VOORSITTER.

.....

.....

.....

.....